mineral resources & energy

Department:
Mineral Resources and Energy
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# HANDLEIDING UITGEREIK INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

## Inhoudsopgawe

1. INLEIDING ....................................................................................................................................3

2. DEFINISIES ..................................................................................................................................3

3. INLIGTINGSREGULEERDER SE GIDS TOT DIE WET ..................................................................... 5

4. OMTRENT DIE DEPARTEMENT ...................................................................................................5

5. KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTE EN ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTES ...............7

6. ONDERWERPE EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR DIE DEPARTEMENT GEHOU................11

7. VRYWILLIGE OPENBAARMAKINGS EN INLIGTING WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS......................14

8. PROSEDURE OM TOEGANG TOT REKORDS TE VERSOEK ...................................................................16

9. REG TOT INTERNE APPÈL OF AANSOEK TOT HOF OM VERLIGTING ..................................................17

10. KLAGTES BY DIE INLIGTINGSREGULEERDER ..........................................................................................18

11. REËLINGS VIR OPENBARE DEELNAME AAN BELEIDSFORMULERING SOOS BEOOG IN ARTIKEL 14(1)(b) VAN DIE WBTI...................................................................................................................18

12. INLIGTING OOR DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING SOOS BEOOG IN ARTIKEL 14(1) (c) VAN DIE WBPI…………………………………..........................……………………......19

13. BYWERKING EN BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING SOOS BEOOG IN ARTIKEL 14(2) VAN DIE WBTI.......................................................................................................................................24

BYLAE A: VERSOEKVORM

BYLAE B: APPÈLVORM

BYLAE C: FOOIE TEN OPSIGTE VAN OPENBARE LIGGAME

## 1. INLEIDING

Artikel 32(1)(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal dat almal die reg het tot toegang tot enige inligting wat deur die staat gehou word en enige inligting wat deur ’n ander persoon gehou word en noodsaaklik is vir die uitoefening of beskerming van enige regte. Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (hierna *“WBTI”* genoem) is die nasionale wetgewing wat uitgevaardig is om uitvoer te gee aan die grondwetlike reg van toegang tot inligting.

Die WBTI gee alle Suid-Afrikaners die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat, staatsinstellings en privaat liggame gehou word. Die volgende is die oogmerke wat WBTI probeer bereik:

- Om te verseker dat die staat deelneem aan die bevordering van ’n kultuur van menseregte en maatskaplike geregtigheid;
- Om openheid aan te moedig en om vrywillige en verpligte meganismes of prosedures in te stel wat uitvoering gee aan die reg op toegang tot inligting op ’n wyse wat so vinnig, goedkoop en moeiteloos is as wat redelik moontlik is; en
- Om deursigtigheid, verantwoordingspligtigheid en doeltreffende staatsbestuur van alle openbare en privaat liggame te bevorder deur almal te bemagtig en op te voed sodat hulle hulle regte ingevolge WBTI ten opsigte van openbare en privaat liggame kan verstaan en uitoefen, dat hulle die funksies en werking van openbare liggame kan verstaan en dat hulle openbare liggame wat hulle regte raak, doeltreffend kan ondersoek en kan deelneem aan besluitneming deur sodanige liggame.

Die WBTI erken egter dat sodanige reg tot toegang tot inligting onderhewig is aan regverdigbare beperkinge en probeer die versoeker se grondwetlike reg op inligting balanseer teen die inligtingsbeampte se reg om toegang tot die inligting te weier op enige van die gronde wat in Deel 2, Hoofstuk 4 van die WBTI genoem word. Sodanige beperkinge is erken binne hierdie bepalings van die **WBTI** en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (hierna “WBPI” genoem), aangesien dit omstandighede spesifiseer waaronder daar beperkte toegang is tot die inligting wat deur die staat gehou word.

Kragtens artikel 14 van die WBTI moet alle openbare liggame inligtingshandleidings hê om enige persoon te help wat toegang tot rekords van openbare liggame wil verkry. In hierdie opsig publiseer die Departement graag hierdie Handleiding met die hoop dat die inligting hierin van hulp sal wees en sal verseker dat alle versoeke om toegang tot inligting doeltreffend en effektief hanteer word, en dat die oogmerke en gees van die WBTI daardeur bevorder sal word.

## 2. DEFINISIES

In hierdie handleiding sal enige woord of uitdrukking waaraan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, ’n betekenis heg, die betekenis hê wat die wet daaraan heg tensy dit uit die samehang anders blyk—

**“Datasubjek”** beteken die persoon met wie die persoonlike inligting verband hou;
**“Departement”** beteken die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie en sal

sy streekskantore insluit;

**“Gids”** beteken die gids oor hoe enige persoon wat enige reg wil uitoefen wat in die WBTI beoog word en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 uit te oefen soos beoog word in artikel 10 van die WBTI beoog word;

**“Handleiding”** beteken hierdie handleiding wat saamgestel is ingevolge artikel 14 van die wet;

**“inligtingbeampte”** beteken die direkteur-generaal van die Departement;

**“Inligtingsreguleerder”** beteken die Inligtingsreguleerder wat aangestel is kragtens artikel 28 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013;

**“personeel”** beteken enige persoon wat werk vir, of dienste verskaf, aan of namens die Departement en daarop geregtig is om enige besoldiging te ontvang, insluitende alle permanente, tydelike en deeltydse personeel sowel as kontrakwerkers;

**“Persoonlike Inligting”** beteken inligting wat aan ’n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon behoort, insluitende maar nie beperk nie tot—

a) inligting in verband met ras, geslagsidentiteit, geslag, swangerskap, huwelikstatus, nasionale, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, fisiese of geestesgesondheid, welstand, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte van die persoon;
b) inligting wat verband hou met die onderwys of die mediese, finansiële, kriminele of werkgeskiedenis van die persoon;
c) enige identifiserende nommer, simbool, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, liggingsinligting, aanlyn identifiseerder of ander besondere toekenning aan die persoon;
d) die biometriese inligting van die persoon;
e) die persoonlike opinies, beskouings of voorkeure van die persoon;
f) korrespondensie wat deur die persoon gestuur word wat uitdruklik of implisiet van ’n privaat of vertroulike aard is of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie sal openbaar;
g) die beskouings en opinies van ’n ander individu oor die persoon; en
h) die naam van die persoon as dit saam met ander persoonlike inligting wat met die persoon verband hou, verskyn of as die openbaarmaking van die naam self inligting oor die persoon sal bekend maak,

maar sluit inligting uit oor ’n individu wat al meer as 20 jaar dood is;

**“persoonlike versoeker”** beteken die persoon wat toegang tot ’n rekord versoek wat persoonlike inligting oor die versoeker bevat;

**“rekord”** beteken enige opgeneemde inligting, ongeag in watter vorm of medium, wat in die proses van of onder die beheer van die Departement is, ongeag of dit deur die Departement geskep is of nie;

**“relevante owerheid”** beteken die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie;

**“SAHRC”** beteken die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie;

**“versoek”** beteken ’n versoek om toegang tot ’n rekord van die Departement;

**“versoeker”** beteken enige persoon (buiten ’n openbare liggaam wat in paragraaf (1) of (b)(i) van die definisie van ‘openbare liggaam’ in die WBTI beoog word, of ’n beampte daarvan) wat ’n versoek doen om toegang tot ’n rekord van die Departement en enige persoon insluit wat namens daardie persoon of versoeker optree;

**“WBPI”** beteken die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 of 2013;

**“WBTI”** Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000; en

**“Wetgewing met betrekking tot minerale hulpbronne en energie”** beteken die wetgewing wat in paragraaf 4.2 van hierdie Handleiding aangegee word.

## 3. INLIGTINGSREGULEERDER SE GIDS TOT DIE WET

Die Inligtingsreguleerder het kragtens artikel 10(1) van die WBTI, soos gewysig, die WBTI-gids gewysig, soos dit aanvanklik deur die SAHRC saamgestel is. Die doel van die voormelde Gids is om inligting te voorsien wat enige persoon nodig het wat enige reg soos beoog in die **WBTI** en **WBPI** wil uitoefen. Hierdie Gids sal ’n persoon, ook ’n datasubjek genoem, spesifiek help om toegang te verkry tot sy/haar persoonlike inligting ingevolge artikel 23 van die **WBPI.**

Die gids is in alle amptelike tale by die Inligtingsreguleerder beskikbaar . Die kontakbesonderhede van die Inligtingsreguleerder is soos volg:

Posbus 31533
Braamfontein
2017

Telefoon: +27 10 023 5200

Webwerf: www.inforegulator.org.za

E-pos: inforeg@justice.gov.za

## 4. OMTRENT DIE DEPARTEMENT

### 4.1 MANDAAT, VISIE EN MISSIE VAN DIE DEPARTEMENT

**Mandaat**
Om ’n mineralehulpbronne- en energiesektor te ontwikkel wat ekonomiese groei en ontwikkeling, sosiale billikheid en omgewingsvolhoubaarheid bevorder.

**Visie**
’n Leier in die transformasie van Suid-Afrika deur ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling en die mynbou- en energiesektor.

**Missie**
Om die minerale- en energiesektor te reguleer, transformeer en bevorder, en volhoubare en bekostigbare energie vir groei en ontwikkeling te voorsien en te verseker dat alle Suid-Afrikaners volhoubare voordeel uit die land se minerale rykdom trek.

## 4.2 WETGEWING WAT DEUR DIE DEPARTEMENT TOEGEPAS WORD

| **Wetgewing in chronologiese volgorde** |
|---|
| Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet 27 van 1956) |
| Wet op die Registrasie van Myntitels, 1967 (Wet 16 van 1967) |
| Wet op die Sentrale Energiefonds, 1977 (Wet 38 van 1977) |
| Wet op Petroleumprodukte, 1977 (Wet 120 van 1977) |
| Wet op Diamante, 1986 (Wet 56 van 1986) |
| Wet op Mineraaltegnologie, 1989 (Wet 30 van 1989) |
| Wet op die Afskaffing van die Nasionale Energieraad, 1991 (Wet 95 van 1991) |
| Wet op Geowetenskap, 1993 (Wet 100 van 1993) |
| Wet op Kernenergie, 1993 (Wet 131 van 1993) |
| Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, 1996 (Wet 29 van 1996) |
| Wet op Kernenergie, 1999 (Wet 46 van 1999) |
| Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999 (Wet 47 van 1999) |
| Abolition of Lebowa Mineral Trust Act, 2000 (Wet 67 van 2000) |
| Wet op Gas, 2001 (Wet 48 van 2001) |
| Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 28 van 2002) |
| Gas Regulator Levies Act, 2002 (Wet 75 van 2002) |
| Wet op Petroleumpypleidings, 2003 (Wet 60 van 2003) |
| Wet op Petroleumpyplynheffings, 2004 (Wet 28 van 2004) |
| Wet op die Nasionale Energiereguleerder, 2004 (Wet 40 van 2004) |
| Wet op Edelmetale, 2005 (Wet 37 van 2005) |
| Wet op Elektrisiteitsregulering, 2006 (Wet 4 van 2006) |
| Wet op Nasionale Energie, 2008 (Wet 34 van 2008) |
| Wet op die Nasionale Afvalverwyderingsinstituut, 2008 (Wet 53 van 2008) |

## 4.3 ORGANISATORIESE STRUKTUUR

4.3.1 Die Departement bestaan uit 'n nasionale kantoor wat in Gauteng geleë is en etlike streekkantore het, in die Oos-Kaap (Oos-Londen), Vrystaat (Welkom), KwaZulu-Natal (Durban), Limpopo (Polokwane), Mpumalanga (Witbank), Noord-Kaap (Kimberley), Wes-Kaap (Kaapstad), Gauteng (Pretoria) en Noordwes (Mafikeng).

4.3.2 Die takke van die Departement is soos volg: (a)

Korporatiewe Dienste
(b) Minerale- en Petroleumregulasie
(c) Mynbou, Minerale- en Energiebeleidsontwikkeling
(d) Programme en Projekte
(e) Kern
(f) Myngesondheid- en Veiligheidsinspektoraat

4.3.3 Die Departement se makrostruktuur word hier onder aangedui:

# DEPARTMENT OF MINERAL RESOURCES AND ENERGY

## OFFICE OF THE DIRECTOR-GENERAL

PURPOSE: TO ENSURE THE OPTIMAL UTILISATION AND SAFE EXPLOITATION OF MINERAL AND ENERGY RESOURCES

FUNCTIONS:

1. Regulate the petroleum, mining and minerals industry.
2. Formulate, maintain and implement Integrated Minerals and Energy policies to promote and encourage investment into the mining and energy industry.
3. Ensure the health and safety of employees in the mines.
4. Manage, co-ordinate and monitor programmes and projects focused on access to minerals and energy resources.
5. Manage nuclear industry.
6. Ensure that a Corporate Service function is rendered.
7. Provide internal audit services.
8. Ensure the implementation of risk & integrity management strategies and compliance with Acts and policies.
9. Co-ordinate the development of strategic management, monitoring and evaluation services.
10. Ensure sound financial management in the department.

CHIEF DIRECTORATE AUDIT SERVICES

DIRECTORATE RISK AND INTEGRITY MANAGEMENT

CHIEF DIRECTORATE OFFICE OF THE DIRECTOR-GENERAL

CHIEF DIRECTORATE STRATEGY, MONITORING & EVALUATION

CHIEF DIRECTORATE FINANCIAL MANAGEMENT SERVICES

BRANCH MINERALS AND PETROLEUM REGULATION

BRANCH MINE HEALTH AND SAFETY INSPECTORATE

BRANCH NUCLEAR

BRANCH MINING, MINERALS AND ENERGY POLICY DEVELOPMENT

BRANCH PROGRAMMES AND PROJECTS

BRANCH CORPORATE SERVICES

## 5. KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTE EN ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTES

5.1 Inligtingsbeampte:

Mnr. Jacob Mbele
Direkteur-generaal
Privaatsak X96
PRETORIA
0001

PA van Direkteur-generaal
Me. Mamabefu Modipa
Mamabefu.Modipa@dmre.gov.za
Telefoonnommer: +27 12 444 3880

5.2 **ALLE** versoeke om toegang tot rekords van die Departement, en enige interne appèl kragtens artikel 74 van die WBTI, moet ingedien word vir die aandag van die **Hoofdirekteur: Regsdienste** deur enige van die volgende metodes:

(a) Per pos aan:
Departement van Minerale Hulpbronne en Energie
Privaat sak X96
PRETORIA
0001;

(b) Per handaflewering aan:
Departement van Minerale Hulpbronne en Energie:
Hoofkantoor
2de Vloer Blok 2B Trevenna-kampus,
Hoek van Schoeman en Meintjies
straat,
Arcadia,
Pretoria; of

(c) Per e-pos: **paia@dmre.gov.za** en diphoko.modiselle@dmre.gov.za

5.3 Adjunk-inligtingsbeamptes

Die volgende amptenare is aangestel as Adjunk-inligtingsbeamptes kragtens artikel 17(1) van die WBTI.

Mnr Pieter Alberts
Hoofdirekteur: Regsdienste
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
paia@energy.gov.za

Me Saandhri Naidoo
Direkteur: Regsdienste
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Saandhri.Naidoo@dmre.gov.za

Me Rudessa Harris
Direkteur: Regsdienste
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Rudessa.Harris@dmre.gov.za

Me Hilda Mhlongo
Adjunkdirekteur-generaal: Korporatiewe Dienste
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Hilda.Mhlongo@dmre.gov.za

Mnr Tseliso Maqubela
Adjunkdirekteur-generaal: Minerale- en Petroleumregulasie
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Tseliso.Maqubela@dmre.gov.za

Me Ntokozo Ngcwabe
Adjunkdirekteur-generaal: Mynbou, Minerale- en Energiebeleidsontwikkeling
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Ntokozo.Ngcwabe@dmre.gov.za

Mnr David Msiza
Hoofmyninspekteur
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
David.Msiza@dmre.gov.za
Mnr Zizamele Mbambo
Adjunkdirekteur-generaal: Kern
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Zizamele.Mbambo@dmre.gov.za

Waarnemende Adjunkdirekteur-generaal: Programme en Projekte
Privaat sak X96
PRETORIA
0001

Me Yvonne Chetty
Hoof- Finansiële Beampte
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Yvonne.Chetty@dmre.gov.za

Projekbeampte
Kantoor van Onafhanklike Kragproduseerderprogram
Bylsbridge-kantoorpark, Gebou 9,
h.v. Jean- en Olievenhoutboschlaan,
CENTURION

Mnr Kwena Makgohlo
Hoofdirekteur: Hulpsteun- en sekuriteitsdienste
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Kwena.Makgohlo@dmre.gov.za

Me Nthatisi Rapoo
Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Nthatisi.Rapoo@dmre.gov.za

Me Cathy Leso
Hoofinligtingsbeampte
Privaat sak X96
PRETORIA
0001
Cathy.Leso@dmre.gov.za

## 6. ONDERWERPE EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR DIE DEPARTEMENT GEHOU WORD

Hier onder volg ’n lys onderwerpe waarvan die Departement rekords hou en kategorieë van rekords wat oor elke onderwerp gehou word. Die lys is nie volledig nie en kan van tyd tot tyd gewysig word. Die rekords wat onder die verskillende onderwerpe gehou word, is nie outomaties beskikbaar nie en toegang tot die rekords is onderhewig aan die inligting wat in die rekord bevat word.

6.1 Statutêre en regulatoriese raamwerk

- Beleide ten opsigte van minerale hulpbronne en energie
- Wetgewing ten opsigte van minerale hulpbronne en energie
- Regulasies wat uitgereik is kragtens wetgewing ten opsigte van minerale hulpbronne en energie;
- Wetsontwerpe
- Ander wetgewing en regulasies

6.2 Organisasie en beheer

- Interne beleide
- Funksies
- Delegering van gesag
- Instelling van nuwe afdelings en kantore
- Beplanning
- Ouditdienste
- Vergaderings
- Sekuriteitsbestuur
- Programme en projekte
- Monitering en evaluering
- Strategie- en risikobestuur
- Risikoregister
  - Handves van risikobestuurskomitee
  - Notules van risikobestuurskomitee
  - Risikobestuursbeleid
  - Risikobestuurstrategie
  - Risikobestuursimplementeringsplan
  - Metodologie van risikobeoordeling en -identifikasie
  - Risikobestuursraamwerk
  - Aanstellingsbriewe van risikobestuurskomiteelede
  - Standaardbedryfsprosedures van risikobestuur
  - Risikobeoordelingshandboek
  - Departementele gedragskode
  - Bedrogvoorkomingsplan/-strategie
  - Bedrogimplementeringsplan
  - Bedrogvoorkomingsplan

    - Fluitjieblaserbeleid
    - Strategiese plan
    - Jaarlikse prestasieplan
- Verslae

6.3 Menslikehulpbronbestuur

- Menslikehulpbronbestuursbeleide
- Bevordering van organisatoriese ontwikkelingsdoeltreffendheid
- Posevaluering
- Taakprofiele/-beskrywing
- Veranderingsbestuur/Organisatoriese kultuur en waardeingrypings
- Ontwerp van departementele vorm
- Personeeldiensstaat
- Operasionele bestuur
- Personeelvoorsiening, insluitende advertensies, afsprake, sekondering en oorplasings
- Diensvoorwaardes
- Beëindiging van diens
- Prestasiebestuur
- Werksverhoudinge/Arbeidsbetrekkinge
- Menslikehulpbronontwikkeling
- Werknemerwelstandsprogram
- Beroepsgesondheid en -veiligheid
- Diensbillikheid

6.4 Finansiële bestuur

- Finansiële beplanning en bestuursrekeningkundige beleide
- Inkomstebestuur
- Kontantvloeiinligting
- MTEF-, AENE-, en ENE-toedelings
- Onkostebestuur
- Moniteringsverslae en begrotings- en onkostebeheerverslae vir die jaar

6.5 Verskaffingskanaalbestuur

- Vraag en verkryging
- Tenderadministrasie
- Logistiekbestuur
- Batebestuur

6.6 Fasiliteitebestuur

- Fasiliteitebestuursbeleide
- Kantoorakkommodasie
- Dienste

6.7 Reis- en vervoerbestuur

- Reis- en vervoerbeleide
- Reisbestuur

6.8 Inligtingsdienste

- Kennisbestuur
- Rekordbestuur
- Inligtingsbestuur
- WBTI
- Biblioteek
- IKT-planne, -beleide en -prosedures

6.9 Kommunikasie

- Kommunikasiebeleide
- Redigerings- en publikasiedienste
- Skakelings- en ondersteuningsdienste
- Handelsmerkgewing
- Bemarking
- Mediavrystellings, onderhoude, monitering en verslagdoening
- Koerantuitknipsels
- Toesprake

6.10 Interne koördinering

- Internasionale koördineringsbeleid
- Oorsese reise, konferensies en seminare
- Internasionale ooreenkomste

6.11Regsdienste

- Wette ten opsigte van minerale hulpbronne en energie: Opstel en wysigings
- Litigasie
- Appèlle
- Regsmenings en -interpretasies
- Kontrakte en memoranda van verstandhouding

6.12 Beleidsontwikkeling

- Elektrisiteitsbeleid
- Elektrisiteitsvoorsieningbeleid
- Steenkool- en gasbeleid
- Petroleum- en petroleuminfrastuktuurbeleid
- Kernbeleid

6.13 Geïntegreerde energiebeplanning

- Energiebeplanningsbeleid
- Beplanning van verskaffingsopsies
- Ontwikkeling van infrastruktuur
- Vraagprofilering van marksektore
- Energie-inligtingsbestuur, prosesontwerp en publikasies
- Energie-ekonomie
- Makroekonomiese ontleding

6.14 Kernenergie

- Kernenergiebeleid
- Kernveiligheid, -verpligtinge en noodbestuur
- Kerntegnologie
- Kernspermaatreëls
- Stralingstegnologie
- Kerntoepassing en -nakoming
- Kern- en stralingsekuriteit

6.15 Bedrywighede

- Koolwaterstofbedrywighede insluitende petroleumpryse
- Mynbou- en mineraleregulasies en -lisensiëring
- Myngesondheid en veiligheidsondersoeke en -verslae
- Petroleumlisensiëring
- Nakoming, monitering en toepassing van wetgewing met betrekking tot minerale hulpbronne en energie
- Geïntegreerde nasionale elektrifiseringsprogram en -beplanning
- Skoon energie
- Aangewese nasionale gesag
- Nuwe en hernubare energie
- Energiedoeltreffendheid en omgewing

## 7. VRYWILLIGE OPENBAARMAKINGS EN INLIGTING WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS

7.1 Ingevolge artikel 14(1)(e) van die wet het die Departement die volgende kategorieë van verslae wat outomaties beskikbaar is vir kopiëring en inspeksie sonder dat ’n persoon toegang kragtens die WBTI hoef te versoek:

(a) wette, wetsontwerpe en regulasies wat deur die Departement gepubliseer is;
(b) gepubliseerde beleide en riglyne;
(c) aansoekvorms;
(d) gids van kontakte;
(e) e-publikasies

(f) gepubliseerde boeke en brosjures
(g) gepubliseerde bemarkingsmateriaal, insluitende departementele bemarkingsbrosjures
(h) gepubliseerde nuusbriewe
(i) gepubliseerde plakkate en pamflette
(j) gepubliseerde verslae
(k) strategiese planne;
(l) jaarlikse prestasieplanne;
(m) jaarverslae;
(n) begrotingsredes;
(o) omsendbriewe oor vakatures;
(p) gesamentlikebedingingsooreenkomste;
(q) navorsing in die openbare domein

## 7.2 Gratis beskikbaar ingevolge artikel 15(1)(a)(iii):

7.2.1 Die Departement se webwerf by www.dmre.gov.za bevat die meeste van die inligting waarna paragraaf 7.1 hier bo verwys en wat direk vanaf die internet toeganklik is. Verwys asseblief na en gebruik die webwerf voor versoeke ingedien word, aangesien dit makliker sal wees om toegang tot departementele verslae te kry. U kan ook die Departement kontak om vas te stel of inligting wat toegang vereis, outomaties beskikbaar is en of die prosedure vir toegang tot inligting gevolg moet word om toegang tot hierdie dokumente te verkry.

7.2.2 Die ander outomaties beskikbare inligting wat nie op die Departement se webwerf geplaas is nie, kan van die Departement versoek word sonder om ’n versoek ingevolge WBTI in te dien. Geen versoekvorm om toegang ingevolge die WBTI hoef ingevul te word vir rekords wat ingevolge hierdie afdeling outomaties beskikbaar is nie. ’n Fooi sal egter moontlik gehef word vir kopiëring, waar van toepassing.

7.2.3 Die rekords soos hier onder gelys ten opsigte van aansoeke om hangende of gefinaliseerde regte ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne 28 van 2002, soos gewysig, sal vrywillig beskikbaar gestel word via die Streekbestuurders: Mineraalregulasies. Kontakbesonderhede van die Streekbestuurders. Vrywillige toegang tot hierdie rekords is beperk in die mate dat vertroulike inligting en persoonlike inligting ten opsigte van aansoekers of houers van regte ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne wat in sodanige aansoeke geopenbaar word, nie beskikbaar gemaak sal word sonder om vooraf die toestemming van die aansoeker of betrokke houer te kry nie.

- Die voltooide aansoekvorm om regte kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne 28 van 2002
- Die plan soos beoog in Regulasie 2(2)

- Titelakte(s) of gewaarmerkte afskrif(te) ten opsigte van die betrokke grond
- Sosiale en arbeidsplan, vertroulike kommersiële en finansiële inligting uitgesluit
- Bewys van konsultasie met belanghebbende en geaffekteerde partye
- Bewys van konsultasie met ander staatsdepartemente, die resultaat van konsultasie uitgesluit, wat van die betrokke departement verkry kan word
- Status van geïdentifiseerde grond
- Naam van houers van prospekteer-, myn- en ander regte ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne 28 van 2002 ten opsigte van die betrokke grond
- Besonderhede van bestaande regte binne RSA;
- Uitgevoerde prospekteer- en mynregte
- Prospekteer- en mynbouprogramme, bewys van finansiële vermoë uitgesluit
- Omgewingsbestuurprogramne, Omgewings
- Bestuursplanne en omgewingstoestemmings
- Finansiële voorsiening vir rehabilitasie

7.2.4 **Rekords van registrasies by die Myntitelregistrasiekantoor**

Rekords van geregistreerde regte wat deur die Myntitelregistrasiekantoor gehou word, is op versoek direk by die genoemde kantoor beskikbaar. Dit is publieke dokumente.

7.2.5 Die aansoekvorms om lisensies ingevolge die Wet op Petroleumprodukte, 1977 (Wet 120 van 1977) sal vrywillig en gratis deur die Streekdirekteurs beskikbaar gemaak word. Voltooide aansoeke wat deur aansoekers by die Beheerder ingedien word, is vir die voorgeskrewe tydperk by die Departement se Streekkantore beskikbaar vir inspeksie waartydens besware aangeteken kan word; maar vrywillige toegang tot hierdie rekords is beperk in die mate dat sulke rekords nie vertroulike inligting van derde partye of aansoekers om lisensies ingevolge die Wet op Petroleumprodukte, 1977, bevat nie. Enige persoon wat buite die tydperk wat vir inspeksie toegelaat word, toegang versoek tot ’n aansoek wat by die Beheerder ingedien is, moet kragtens afdeling 8 hier onder toegang versoek.

## 8. PROSEDURE OM TOEGANG TOT REKORDS TE VERSOEK

8.1 Alle versoeke om toegang tot rekords kragtens die WBTI moet ingedien word deur **Vorm A in Bylae A** in te dien en dit per pos, e-pos of handaflewering aan te stuur na die Hoofdirekteur: Regsdienste soos uiteengesit in paragraaf 5.2 hier bo. Enige persoon wat hulp nodig het om Vorm A in te vul, kan die Hoofdirekteur: Regsdienste telefonies kontak by 012 444 3814.

8.2 Tensy die versoek gedoen word deur ’n persoonlike versoeker of ’n persoon wat

aanspraak maak op ’n vrystelling, moet die aansoekfooi van R100,00 betaal word by die kassier van die hoofkantoor of in die bankrekening van die Departement en moet bewys daarvan aan die Departement gegee word. Om die fooivrystelling te eis wat deur die Minister ingevolge artikel 22(8) van die WBTI toegestaan word, voltooi asseblief Deel E van Vorm A.

8.3 Die Departement se bankbesonderhede is soos volg:

Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnaam: Department of Mineral Resources and Energy
Rekeningnommer: 4061769154
Verwysingsnommer: PAIA Van en voorletters van aansoeker

8.3 Wanneer ’n voltooide aansoek ontvang word, sal die Hoofdirekteur: Regsdienste die versoek indien by die toepaslike Adjunk-inligtingsbeampte vir beslissing binne die voorgeskrewe tydperk. ’n Besluit sal binne 30 dae van ontvangs van ’n volledige aansoek geneem word; maar die Adjunk-inligtingsbeampte kan hierdie tydperk in sekere omstandighede ’n verdere 30 dae verleng.

8.4 As toegang tot rekords van die Departement toegestaan word, sal die versoeker in kennis gestel word en sal daar van hom vereis word om die voorgeskrewe toegangsfooi te betaal soos in **Bylae C** uiteengesit voor toegang toegestaan word. As toegang in ’n spesifieke vorm versoek word, moet die versoeker, onderhewig aan artikel 28 van die WBTI, in daardie vorm toegang gegee word tensy dit onredelik inbreuk sou maak op die doeltreffende administrasie van die Departement, die rekord sou beskadig of die kopiereg wat nie deur die staat of die Departement besit word nie, sou skend.

8.5 As die versoek geweier is, moet die versoeker daarvan in kennis gestel word sowel as van die redes vir die besluit.

## 9. REG TOT INTERNE APPÈL OF AANSOEK TOT HOF OM VERLIGTING

9.1 As ’n versoek om toegang tot ’n rekord van die Departement om watter rede ook al geweier is, het die versoeker die reg om ’n interne appèl aan te teken by die toepaslike owerheid, wat die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie is, deur die vorm in **Bylae B** te voltooi en dit by die Hoofdirekteur: Regsdienste in te dien op ’n manier wat in paragraaf 5.2 uiteengesit word. ’n Derde party mag by die toepaslike owerheid ’n interne appèl aanteken teen ’n besluit van die inligtingsbeampte om ’n versoek om toegang toe te staan. Die volgende is ander gronde waarop ’n versoeker ’n interne appèl teen ’n besluit wat deur die inligtingsbeampte geneem is, by die Minister van Energie kan aanteken:

- Wanneer die versoeker nie tevrede is met die gelde wat gevra is ten opsigte van die versoek nie.
- Wanneer die versoeker nie tevrede is met die verlenging van die tydperk om die versoek te hanteer nie.

- As die vorm van toegang waarin die rekords voorsien word, nie in ooreenstemming is met die spesifieke vorm wat die versoeker verkies nie.

9.2 Die interne appèl moet aangeteken word binne 60 dae; of as kennisgewing aan ’n derde party vereis word deur artikel 49(1)(b), binne 30 dae ná die derde party kennis gegee is van die besluit waarteen geappelleer is. Die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie kan egter by aanvoering van goeie redes die laat appèl toelaat.

9.3 Waar ’n versoeker onsuksesvol was met ’n interne appèl by die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie kan die versoeker binne 180 dae ’n klag indien by die Inligtingsreguleerder in ooreenstemming met Hoofstuk 1A van die WBTI soos uiteengesit in paragraaf 10 hier onder, of by die hof aansoek doen ingevolge artikel 78 van die WBTI vir gepaste verligting.

## 10 KLAGTES BY DIE INLIGTINGSREGULEERDER

10.1 ’n Versoeker of derde party mag alleenlik ’n klagte in ooreenstemming met Hoofstuk 1A van die WBTI by die Reguleerder indien nadat daardie versoeker of derde party die proses van interne appèl teen ’n besluit van die Inligtingsbeampte uitgeput het.

10.2 ’n Klagte aan die Reguleerder moet skriftelik ingedien word en ’n klagtevorm moet, hetsy per hand of aanlyn, ingevul word. ’n Klagtevorm kan afgelaai word van die Reguleerder se webwerf by www.inforegulator.org.za

## 11. REËLINGS VIR OPENBARE DEELNAME AAN BELEIDSFORMULERING SOOS BEOOG IN ARTIKEL 14(1)(b) VAN DIE WBTI

11.1 Die Departement kan van tyd tot tyd kommentaar deur die publiek vra oor konsepwetgewing (wetsontwerpe en regulasies) en ander sake, en die publiek word uitgenooi om hulle kommentaar en insette te gee wanneer hierdie geleenthede ontstaan.

11.2 Die Departement is deel van die uitvoerende afdeling van die regering. Hoewel dit moontlik geen spesifieke strukture het vir openbare deelname in beleidsformulering nie, kan lede van die publiek beleidsformulering indirek beïnvloed deur—

(a) deelname aan nasionale verkiesings;
(b) kommunikasie met hulle verkose verteenwoordigers;
(c) betrokkenheid by wetgewende en ander openbaredeelnemingsprosesse van die Suid-Afrikaanse Parlement en sy komitee;
(d) bywoning van sessies van die Parlement; en
(e) toegang van die media tot die Parlement en sy komitees.

## 12. INLIGTING OOR DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING SOOS BEOOG IN ARTIKEL 14(1) (c) VAN DIE WBTI

12.1 Die Departement verwerk persoonlike inligting van die datasubjekte wat in paragraaf 12.2 geïdentifiseer word vir die doeleindes wat in paragraaf 12.3 uiteengesit word.

12.2 **Beskrywing van die kategorieë van datasubjekte en van die inligting of kategorieë van inligting met betrekking daartoe**

| Kategorieë van datasubjekte | Persoonlike inligting wat verwerk kan word |
|---|---|
| Werkgewers en aansoekers vir werknemers | Geslagsidentiteit, swangerskap; huwelikstatus; ras, ouderdom, taal, onderwysinligting (kwalifikasies); finansiële inligting; werkgeskiedenis; ID-nommer; fisiese en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); misdaad; welstand en hulle familielede se ras, medies, geslagsidentiteit, geslag, nasionaliteit, etniese of sosiale oorsprong, seksuele oriëntasie, ouderdom, fisiese of geestesgesondheid, welstand, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal, biometriese inligting van die persoon, werkgeskiedenis en verwysings, bank- en finansiële besonderhede, besonderhede van betalings aan derde partye (aftrekkings van salaris), werkkontrakte, mediesefondsverslae, pensioenfondsverslae, besoldigings-/salarisverslae, prestasiebeoordelings, dissiplinêre verslae, verlofverslae, opleidingsverslae, |
| Bieërs, verkopers, verskaffers en diensverskaffers | Identiteits- en/of maatskappyinligting en direkteursinliging, name van kontakpersone; fisiese en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); registrasienommer; finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting en bedryfsgeheime, bank- en finansiële inligting, inligting oor produkte of dienste, inligting wat verband hou met belastingstatus en breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging, en ander inligting wat nie gespesifiseer is nie, maar wat redelikerwys vereis word om vir sakebedrywighede verwerk te word |
| Persone wat aansoek doen | Identiteits- en/of maatskappyinligting en direkteursinligting, aandeelhouers, name van |

| Kategorieë van datasubjekte | Persoonlike inligting wat verwerk kan word |
|---|---|
| ingevolge die WBTI, WBPI en ingevolge die wetgewing met betrekking tot minerale hulpbronne en energie soos uiteengesit in paragraaf 4.2 van hierdie Handleiding, insluitende inligting en data ingesamel van sulke persone ingevolge sodanige wetgewing wat deur die Departement toegepas word. | kontakpersone; fisiese en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); registrasienommer; finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting en bedryfsgeheime, bank- en finansiële inligting, inligting oor produkte of dienste, breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging en Handvesinligting, en ander inligting wat nie gespesifiseer is nie, maar wat redelikerwys vereis word om vir sakebedrywighede verwerk te word ingevolge wetgewing met betrekking tot minerale hulpbronne en energie |

## 12.3 Doeleindes vir die verwerking van inligting en die ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf kan word

(a) <u>Vir werknemers en aansoekers om werk:</u>

(i) Verifikasie en evaluering van aansoekers se inligting gedurende die werwingsproses insluitende oorwegings van diensbillikheid.

(ii) Verifikasie of werknemer met die staat besigheid doen.

(iii) Algemene sake wat met werknemers verband hou soos:

- Algemene voordele
- Pensioen
- Mediese hulp
- Diensstaat
- Dissiplinêre optrede
- Verlofbestuur
- Prestasiebestuur
- Opleiding
- Sekuriteitsklaring

(iv) Enige ander doel wat redelikerwys vereis word in verband met die werk of moontlike werkverhouding.

| Kategorie van persoonlike inligting | Ontvangers of kategorie van ontvangers |
|---|---|
| Identiteitsnommer en naam, huwelikstatus vir misdaadondersoeke en pensioenadministrasie | Suid-Afrikaanse Polisiediens, staatsekuriteitsagentskap en staatswerknemerspensioenfonds |

| **Kategorie van persoonlike inligting** | **Ontvangers of kategorie van ontvangers** |
|---|---|
| Kwalifikasies, vir verifiëring van kwalifikasies en oudits | Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-eenheid of verifikasieliggame |
| Krediet- en betalingsgeskiedenis vir kredietinligting | Kredietburo's en ander verifikasieliggame |

(b) <u>Vir Bieërs, verkopers, verskaffers en diensverskaffers:</u>

(i) Verifikasie van inligting en uitvoering van verwysings- en ander voorgeskrewe toetse
(ii) Doeleindes wat verband hou met die ooreenkoms of sakeverhouding of moontlike ooreenkomste of sakeverhoudings tussen die partye
(iii) Betaling van fakture
(iv) Nakoming van die Departement se regulatoriese en ander verpligtinge
(v) Enige ander doel wat redelikerwys vereis word in verband met die Departement se besigheid.

| **Kategorie van persoonlike inligting** | **Ontvangers of kategorie van ontvangers** |
|---|---|
| Identiteits- en/of maatskappyinligting en direkteursinliging, name van kontakpersone; fisiese en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); registrasienommer; finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting en bedryfsgeheime, bank- en finansiële inligting, inligting oor produkte of dienste, inligting wat verband hou met belastingstatus en breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging, en ander inligting wat nie gespesifiseer is nie, maar wat redelikerwys | Die Departement kan die persoonlike inligting van die datasubjek aan die werknemers van die Departement voorsien as deel van die nakoming van sy verantwoordelikhede in verband met die verkrygingsprosesse en die verskaffing van verkreë dienste en aan die Ouditeur-Generaal in verband met oudit en toesig. |

| Kategorie van persoonlike inligting | Ontvangers of kategorie van ontvangers |
|---|---|
| vereis word om vir sakebedrywighede verwerk te word | |

(c) <u>Vir persone wat aansoek doen ingevolge die WBTI, WBPI en ingevolge die wetgewing met betrekking tot minerale hulpbronne en energie, insluitende inligting en data ingesamel van sulke persone ingevolge sodanige wetgewing wat deur die Departement toegepas word</u>

(i) Verifikasie en evaluering van inligting om sy statutêre verpligtinge volgens die toepaslike wetgewing te vervul.
(ii) Nakoming van die Departement se regulatoriese en ander verpligtinge.
(iii) Monitering en toepassing van wetgewing volgens statutêre verpligtinge.
(iv) Monitering en toepassing van voorwaardes ingestel.
(v) Enige ander doel wat redelikerwys vereis word in verband met die Departement se besigheid

| Kategorie van persoonlike inligting | Ontvangers of kategorie van ontvangers |
|---|---|
| Identiteits- en/of maatskappyinligting en direkteursinliging, aandeelhouers, name van kontakpersone; fisiese en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); registrasienommer; finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting en bedryfsgeheime, bank- en finansiële inligting, inligting oor produkte of dienste, breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging en Handvesinligting, en ander inligting wat nie gespesifiseer is nie, maar wat redelikerwys vereis word om vir | Die Departement kan die persoonlike inligting van die datasubjek aan die werknemers van die Departement verskaf om sy verantwoordelikhede na te kom soos vereis word onder die toepaslike wetgewing. |

| Kategorie van persoonlike inligting | Ontvangers of kategorie van ontvangers |
|---|---|
| sakebedrywighede verwerk te word ingevolge wetgewing wat verband hou met minerale hulpbronne en energie | |
| Identiteits- en/of maatskappyinligting en direkteursinligting, aandeelhouers, name van kontakpersone; fisiese en posadres; kontakbesonderhede (kontaknommer(s), faksnommer, e-posadres); registrasienommer; | Suid-Afrikaanse Polisiediens in geval van nienakoming en statutêre oortredings |
| Breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging en Handvesinligting | Verifikasieliggame en diensverskaffers vir die doel van oudits |
| Finansiële en belastinginligting | Suid-Afrikaanse Inkomstediens |

## 12.4 Ontvangers of kategorie van ontvangers aan wie die persoonlike inligting ook voorsien kan word

Die Departement kan die persoonlike inligting van die datasubjek ook verskaf aan—

(a) enige persoon wat kragtens wetgewing daarop geregtig is;
(b) enige regulatoriese owerheid of tribunaal, in verband met enige saak of deel daarvan wat onder hulle gesag val;
(c) wetstoepassingsagentskappe, soos die nasionale vervolgingsgesag of
(d) die Suid-Afrikaanse Polisiediens, vir misdaadondersoeke; en
(e) howe, ten opsigte van enige saak wat regsaandag vereis.

## 12.5 Beplande vloei van persoonlike inligting oor grense

Die Departement beoog nie dat persoonlike inligting oor grense versprei sal word nie, behalwe as sodanige inligting nodig is vir die nakoming van internasionale verpligting. In daardie geval al die Departement seker maak dat—

(a) die ontvangerland ’n redelike vlak van beskerming kan bied, wat wesenlik soortgelyk is aan die WBPI; of
(b) die datasubjek instem tot die oordrag van hulle persoonlike inligting.

### 12.6 Inligtingsekuriteitsmaatreëls

Die Departement sal sekuriteitsprotokolle instel om te keer dat daar onwettig toegang verkry kan word tot persoonlike inligting en die volgende meganismes sal versterk word—

(a) versekering dat die korrekte klassifikasie van inligting vasgelê word as werknemersdata wat geklassifiseer moet word as 'persoonlike inligting' of 'spesiale persoonlike inligting';

(b) versekering dat sekuriteitsprotokolle versterk word om te waak teen ongemagtigde toegang tot inligting deur rekenaar- en netwerksekuriteitsmaatreëls, soos wagwoorde, die implementering van brandmure, die installering van antivirusbeskerming, versekering van databeskerming deur dataenkripsie en redaksie van persoonlike inligting, beveiliging van skootrekenaars en persoonlike rekenaars deur wagwoorde en biometriese data en deur die virtuele privaat netwerk (VPN) te beveilig;

(c) protokolle oor kennisgewing van werknemers of ander persone wanneer hulle persoonlike inligting in gevaar gestel word of wanneer 'n privaatheidskending geïnstitusionaliseer gaan word; en

(d) versekering dat strenger sekuriteitsprotokolle aangeneem word om toegang van derde partye te beperk tot die kantooromgewing, rekenaarnetwerk, stelsel, toepassingsagteware, data of enige ander hulpbron.

## 13. BYWERKING EN BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING SOOS BEOOG IN ARTIKEL 14(2) VAN DIE WET

Artikel 14(2) van die wet bepaal dat hierdie Handleiding, indien nodig, ten minste jaarliks bygewerk en gepubliseer word.

Die Handleiding sal op die Departement se amptelike webwerf, www.dmre.gov.za, gepubliseer word en sal beskikbaar wees by die Departement se hoofkantoor en streekkantore. Ons sal probeer om die Handleiding in alle amptelike landstale te vertaal.

Die versoekvorm en appèlvorms by Bylae A en B is in al die amptelike tale by die Inligtingsreguleerder beskikbaar. Die kontakbesonderhede vir die Inligtingsreguleerder is in paragraaf 3 hier bo uiteengesit.

# <u>**Bylae A**</u>

***Versoekvorm***
***(aangeheg)***

## Bylae B

***KENNISGEWING VAN INTERNE APPÈL***
***(aangeheg)***

# Bylae C
# Fooie ten opsigte van openbare liggame

| Item | Beskrywing | Bedrag |
|---|---|---|
| 1 | Die versoekfooi betaalbaar deur elke versoeker | R100,00 |
| 2 | Fotokopie van A4-grootte bladsy | R1,50 per bladsy of gedeelte daarvan. |
| 3 | Gedrukte kopie van A4-grootte bladsy | R1,50 per bladsy of gedeelte daarvan. |
| 4 | Vir ’n kopie in rekenaarleesbare vorm op: | |
| | (i) Geheuestokkie (deur versoeker voorsien)<br>(ii) Kompakskyf | R40,00 |
| | • Indien deur versoeker voorsien | R40,00 |
| | • Indien aan versoeker voorsien | R60,00 |
| 5 | Vir ’n transkripsie van visuele beelde per A4-grootte bladsy | Diens sal uitbestee word. Sal afhang van kwotasie van diensverskaffer. |
| 6 | Kopie van visuele beelde | |
| 7 | Transkripsie van ’n oudiorekord, per A4-grootte bladsy | R24,00 |
| 8 | Kopie van ‘n oudiorekord op: | |
| | (i) Geheuestokkie (deur versoeker voorsien)<br>(ii) Kompakskyf | R40,00 |
| | • Indien deur versoeker voorsien | R40,00 |
| | • Indien aan versoeker voorsien | R60,00 |
| 9 | Om te soek na en die rekord vir openbaarmaking voor te berei, vir elke uur of deel van ’n uur, uitsluitende die eerste uur wat redelikerwys vereis word vir soek en voorbereiding. | R100,00 |
| | Moet minder wees as ’n totale koste van | R300,00 |
| 10 | Deposito: As soektog 6 uur oorskry | Een derde van bedrag per versoek bereken ingevolge items 2 tot 8 |
| 11 | Posgeld, e-pos of enige ander elektroniese oordrag | Werklike koste, indien enige. |